

Nomades Voetslaanklub

Roete-terugvoer

WG2.

Lindani Wildsplaas en lodges,

Groep 1, 25-27 Augustus 2017.

Groep 2, 1-3 September 2017.

Tussen Vaalwater en Marken, Limpopo.



Groep 1 wat Vrydag middag en aand aankom is Johan Celliers (P.O.), Marius Stander, Magda Grobler, Anna-Marie Lotter, Jan & Corrie du Preez, Erna Lubbinge, Norma Grotius, Elsabé Düring en Wilna Moolman. 10 Siele. Marius en Johan slaap in hul eie tentjies en die res in die baie netjiese 2-bed safaritente met beddegoed.



Die padaanwysings is baie akuraat en ons vind die plaas maklik, wat rofweg tussen Vaalwater en Marken geleë is. Sowaat 240 km noord van Pretoria. Die laaste sowat 6 km is goeie grondpad tot by die Molope kamp (S24° 02' 50.1" E28° 24' 11.5") waar ons oorbly. Een van n paar kampe op die plaas.

Molope is dan ook die Sotho naam vir die Huilboerboom wat o.a. Ook in die kamp staan saam met heelwat ander.

Battery lig in al die vertrekke en tente. Gasstoof en oond. Gasverwarmde water in die twee storte. Twee aparte privaat sitplekkies en 'n buite-stort. 'n Heerlike klein swembadjie. Geen 220v wisselstroom beskikbaar vir gebruik nie. 'n Groot ys en aparte vrieskas.



Die kombuis is puik toegerus met alle eet-en-kook-gerei. Plek vir almal om binne om die tafel te sit as dit buite ietwat koel word. Buite is ook 'n gas-webber beskikbaar. Daar word hout vir kuier vir beide aande voorsien. Alreeds gepak met aanstekers. Luuks. In die tent-kamers is daar op die opgemaakte beddens met hul duves en komberse, selfs 'n handdoek en sepie. Alles Baie netjies en skoon.

Die eienaar is in die proses om 'n 'en-suite' toilet en wasbakkie by elke tent te instaleer.

Naomie die gasvryheidsbestuurder en Sam van Coller, die eienaar, kom ons Vrydagaand kom besoek om enige onsekerhede uit die weg te ruim en gee ons opsies om te stap.



Vrydag-aand nadat almal aangekom het, en gegroet is deur 'n troppie rooibokkies, word 'n suiker-Broodjie as voorgereg gebak met margarien en konfeite in die gas-oond. Heerlik. Daarna geniet elkeen sy braaivleisie op die buite-braai. Heerlik buite gesit om die kuier-vuur met kit-kat's wat aangebied en uitgedeel word as poeding. Tot die koeligheid elkeen na sy bedjie stuur.



Saterdag oggend besluit die hele groep 1 om die Kloof en die Koperspruit roetes aanmekaar te loop. Rofweg 'n figuur '8'. Dit blyk toe saam sowat 22km totaal vir die dag te wees, wat die 2.8km 'inloop' na die begin van die Kloof roete insluit en weer uit. Ons begin Baie gelyk, verby die Maroela kamp, die Groot ou Vyeboom en dan bietjie op, oor die los-klip paadjie, tot by die begin van die Kloof roete. Nou na sowat 2.8km se stap, kan ons begin stap op die amptelike Kloof staproete. *Groep2 het tot by die punt gery.* Dan bereik ons die punt waar die Kloof en Koperspruit roetes bymekaar kom. Ons sit bietjie langs die waterstroompie en geniet versnaperings. Sommige kook water, maar het nie tee of 'n koppie saamgebring nie!. Ander is slimmer en bring 'n warmfles met water saam, maar net een teesakkie! Ons vat weer die pad, al langs die Koperspruit. Hier en daar mooi kransies en rotsformasies. Mooi plantegroei. Kruis die spruitjie 'n keer of wat.



Ons kom op die keusepunt, kort terug met die Kloof roete of die langer opsie om die 2de roete ook te loop, almal (Groep1) besluit om die Koperspruit roete ook te loop. Ons gaan links. *By groep 2 neem twee persone die 'kortpad'.* Verby die 'een-oog-boom'. Om die koppie en dan sien ons die Melkrivier. Dan 'n bordjie na die 'Flat rocks', blykbaar 'n lekker vlak veilige swemplek vir kinders in die rivier. Dan verby die afdraai na die 'Melkrivier' roete wat ons nie Ook nog vandag kan neem nie. Nou 'n redelike Oppie met die wit bloeisel bome hier onder ons. Ons kom by die keuse om 'n ekstra sowat 500meter Op te loop na die 360 grade uitsig punt. 'n Paar van ons doen dit. Mooi. Die boom-toppe blok so 'n bietjie van die 360grade, maar die horison reg-rondom kan ons darm sien. Dan weer af tot op die gewone roete.



Tot weer by die Koperspruit waar ons middag-ete geniet na 'n 'Enkel-stomp-rivier-kruising'. Weer 'n stukkie dubbel geloop en weer by die keusepunt neem ons nou die kloof roete terug. Daar is onder andere Kameelperde, kudoes en 'n vlakvark gesien. Ook heelwat apies by die kamp gehad asook bobbejane op die roete. Heelwat wild op die plaas.



Nou al in die kloofie af. Oor en weer oor die spruitjie. Nie altyd so maklik oor die klippe nie. Ons almal begin voel ons het al 'n paar kilometers gestap vandag. Die voete praat met ons.

'n Droë lopies, maar tog mooi so onder die bome. Duidelik die slaap/kuierplek van die bobbejane, ter oordeel aan die ruik en ander 'bewyse'. Verby nog 'n intresante wurgyd wat sy naam 100% gestand doen en sy prooi heeltemal omring het.

Nadat ons (Groep1) heeltemal klaar en uit die kloof roete was en terug op die motorpaaie mis ons 'n afdraai en skep so 'n bietjie nuwe paaie nadat ons besef ons loop nou Weg van ons kamp af en dit is al na 15:00. Eers somer net so oor die vlakke en dan 'n stukkie ernstige af in 'n kloofie wat die eienaar later die 'Swart Mamba Kloof' noem. Gelukkig geen voorvalle of ontmoetings nie, aangesien Sam sê die Mambas word eers die 1ste September wakker. Ons was dus veilig. ;-) en die 2de groep het gelukkig nie hier gestap nie.

Hier was seker nog geen mens gewees nie en ons moes bome buig en onder bosse deurkruip. Plek plek Gly-gly of Klim-klim. Maar ons groep bly bymekaar en gou-gou bereik ons die kamp veilig, sonder voorvalle, net 'n paar krapmerke en moë bene. Wat 'n avontuur. Wie wil nou altyd op die ou bekende paaie loop?

Sondagoggend doen ons die 'Mountain' roete vanaf die Molope kamp af. Dit was net so onder die 11km vir die oggend.



Ons is so 12:30 terug by die kamp. Verby die Masiewe ou vyeboom op die vlakke onder, dan 'n bietjie Op tot by die bankie met 'n Uitsig oor die uitgestrekte bos daaar onder. Mooi wye gedefinieerde paadjies, hier en daar mooi kyk, maar dan sien ons weer 'n pyl. Verby die hoogtebakke waar ons weer wye uitsigte het. Mooi kyk by die kruispunte met die baie bergfiets en 4x4 roetes wat soms die stappers paadjies kruis of soms deel. Maar dit is goed gemerk.



Steil af vir 'n entjie by een van die min werklik steil stukke op die roete. Darm verstewig met sement, sekerlik om erosie te voorkom as die begietse hier afjaag. Verby die' rots wat met 'n stukkie verbeelding soos 'n karaktertjie met sy ogies en mond kon lyk. ET? Dalk het ek net begin moeg word en begin 'gesigte' sien. Mooi oop wye paadjies, min merkers, maar goed oopgesny, met Baie duidelike merkers/tekens en bordjies op al die kruispunte en afdraaie. Enkele plekkies waar ons ietwat getwyfel het.

Ek en Johan koel na die stap gou, met die klem op gou af in die plonspoelletjie. Heerlik maar baie verfrissend, waarna ons twee moet tent opslaan en matrasse afblaas. Baie wildsplase so langs die pad en ons sien baie Wild so vanaf die teerpad terrug na Vaalwater.

In Vaalwater stop die meeste van ons, waar ons 'n middag-ete geniet, meeste neem die spesiale aanbod van die dag, Herderspastei, met groente, slaai En Poeding. Heerlik.

Groep 2 die volgende naweek was Anel de Waal*, Carol Broberg, Eleanor Joubert, Wilma Kuhn, Kobus du Toit*, Renier Botha*, Wouter & Renee Crous wat in die Safaritent bly en Celeste Birch*, Dave & Wilma Hale verskaf hul eie dakke, beddens en kombesies. 11 Siele.



Volgens hulle terugvoer ook heel lekker gestap. So twee stappers het ook net 'weggeraak', Wilma, wat nog te veel energie gehad het, is gestuur om te soek. Als het goed ge-eindig en almal het die kamp bereik, na 'n heerlike naweek.

Ons het direk by Lindani bespreek by info@lindani.co.za / 083 631 5579 / 083 809 4291 / www.Lindani.co.za

Finansies:	Ons vra R524 per lid / R554 per nie-lid vir die Safaritent.	Groep 1	Groep 2
Gelde inbetaal: R9864.00	8 Safari-tenters / 2 eie tenters. R524x8 + R272*2	R4736.00	
	8 Safari-tenters / 3 eie tenters. R4282+R846 (3xNie-lid)		R5128.00
Gelde uitbetaal:	8 Safari-tenters / 2 eie tente. R504*8 + R252*2	-R4536.00	
	8 Safari-tenters / 3 eie tente. R504*8 + R252*3		-R4788.00
	Brikette 3x4kg @ R29 elk en aanstekers R16	-R103.00	
	Brikette 3x4kg @ R29 elk en aanstekers R16		-R103.00
Projek Surplus	Totaal : R334 (3.3% van inbetalings)	R97.00	R237.00

Stapgroete

Marius Stander

MariusStanderPTA@gmail.com

Nomades Voetslaanklub

Sien www.nomades.co.za vir meer inligting en meer stapverslae.

2017/09/13 Weergawe 2..

